# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (18/09)

*Justin Chadwick (8 Mei 2009)* Citrus Growers Association (CGA)

***GESEGDE VAN DIE DAG:** "An "acceptable" level of unemployment means that the government economist to whom it is acceptable still has a job" Anon*

## WERKLOOSHEID

Volgens onlangse statistieke is die amptelike werkloosheid in Suid-Afrika ongeveer 30%. Al die werksgeleenthede wat in 2008 geskep is, is deur die verliese aan werk in die eerste kwartaal van 2009 uitgewis. Die nuwe regering sal ernstige werk moet doen om by sy doelwit van 14% werkloosheid teen 2014 te hou. Hoë werkloosheid hou verdere gevolge vir opvoeding, gesondheid en misdaad in.

In lig van hierdie statisieke, is dit interessant om kennis daarvan te neem dat oor die afgelope paar jare produsente in sekere areas dit moeilik gevind het om arbeid vir die oes van vrugte te bekom. Dit kan aan 'n aantal faktore toegeskryf word, waaronder die feit dat die werkpoel waarvan arbeid in oestyd gesoek word, ook dieselfde poel is wat arbeid aan die konstruksiebedryf verleen. Met die groot konstruksie projekte in Suid-Afrika is daar nou 'n addisionele lading op hierdie poel. Dit sal interessant wees om uit tevind hoe beskikbaar arbeid in 2009 is, gegewe die onlangs vrygestelde data oor werkloosheid.

Die regering moet die huidige sosiale voorsorgbetalings ondersoek wat nie as 'n aansporing dien om werk te vind. Addisioneel hiertoe moet arbeidswette ook hersien word. Dit is alles goed en wel om van die mees progressiewe arbeidswette in die wêreld te hê maar as die wette inderwaarheid aanstellings onderdruk, wat word dan bereik? Wie praat namens die werkloses in al hierdie debatte? Die Unies kyk na die belange van die wat werk het – die werkloses word in meeste van hierdie debatte swak verteenwoordig.

## VERHALING VAN KOSTES

Dit is al reeds genoem dat die huidige oes van die bedryf **die duurste is wat nog ooit geproduseer is**. Tydens die periode van produksie het die meeste van die insetkostes vlakke bereik wat nog nooit vantevore gesien is nie. Wat dus as aanvaarbaar was as 'n prys om gelyk te speel laas jaar, gaan nie vir hierdie jaar aanvaarbaar wees nie. By die prys om gelyk te speel moet die produsent kostes van produksie plus **verdienstes vir sy besigheid en kapitaal insluit.** Wins vir jou besigheid is belangrik, as jy nie geld kry om van te leef nie, waarom is jy dan in die besigheid? (Jy kan net so wel 'n werk kry wat jy ten minste vir jou harde werk betaal sal word). Wins vir kapitaal is belangrik as jy onderhoubaar wil wees – as jy nie in kapitaal terugploeg nie, hoe gaan jy jou kapitale items vervang as hul in onbruik verval of onklaar raak?

Ek het terugvoering gekry dat dit belangrik is om te beklemtoon dat die gelykspeel wat per karton ontvang moet word, gebaseer moet wees op die **gemiddelde** van alle verkoopte kartonne. Party markte is meer winsgewend as ander, sommige spesifikasies is meer gewild as ander en daarom sal jy verkillende verdienstes, gebaseer op hierdie kriteria, aangebied word. In die winsgewende markte en vir die meer gewilde spesifikasies sal jy meer nodig hê as om **gelyk te speel** sodat daarvoor opgemaak kan word vir die waarvoor jy minder as gelyk speel gaan kry in ander markte of vir minder gewilde spesifikasies. Wees versigtig om 'n prys te aanvaar wat jou kostes en verdienstes vir kapitaal en jou besigheid sal dek, net om te vind dat dit net jou beste vrugte dek en minder vir jou kant-vrugte (die buite die piek in terme van gesogtheid) laat en dan lei tot 'n gemiddelde prys wat minder is as wat benodig word.

Ek het gegaan van die veronderstelling dat produsente weet wat hul koste van produksie is, boerdery is 'n besigheid en as jy nie hierdie syfer byderhand het nie, het jy nie 'n manier om te bepaal wat nodig is om gelyk te speel nie. In my vorige lewe het ek by die Suikerriet Produsente Assosiasie gewerk (vir suikerriet produsente). Ons het oor 'n diens beskik waar ons agt boekhouers gehad het wat vir 300 produsente boekgehou het. Elke maand het die produsent 'n volledige verslag oor sy besigheid ontvang wat hom met sy streek en die land vergelyk het. Addisioneel was daar ook ses landbou ekonome wat met die produsente geskakel het, die vorige jaar se prestasies ontleed het en met die ontwikkeling van die begroting vir die volgende jaar gehelp het. Hierdie ekonome het ook Boeredae gehou waar daar na die streek se syfers gekyk is en individuele produsente gehelp is om te verbeter as hul in hul streek onder presteer het. Vanselfsprekend is sulke dienste baie duur en ek stel nie voor dat CGA iets soortgelyks daar moet stel nie, maar daar is konsultante beskikbaar wat dieselfde soort van dienste aanbied sou jy sukkel met die ontleding van die besigheid/finansiële afdeling. As jy in kontak wil kom met iemand wat jou kan help, laat my asseblief weet.

As jy nie weet wat jou prys per karton is om gelyk te speel nie, praat met jou buurman of iemand in die streek wat goeie rekords hou om 'n gevoel te kry vir wat dit moet wees. As jy nie 'n prys kan kry om gelyk te speel nie, moet dan nie die vrugte verskeep nie – al wat jy gaan doen is om te betaal om te verseker dat vervoerders, pakhuis-eienaars, CGA, PPECB, uitvoeragente, ontvangers, groothandelaars en supermarkte en al die ander van ons wat van jou produk leef, op jou kostes verryk word.

## GEPAK EN VERSKEEP 2009

Syfers van pomelos wat verpak is, begin optel met die oes in die Noorde. Die Pomelo Fokusgrope het hul skatting effens afwaarts aangepas (met 1%). Star Ruby maak 77% uit van die pomelos wat tot op datum verpak is. Meeste verskepings was na Noord-Europa (62%). Met Satsumas in volle swang, is daar ook 'n effense vermindering in die skatting van sagte sitrus. Tot op datum is 1.6 m kartonne van Satsuma gepak teen 'n hersiende skatting van 2 m kartonne. Die VK (66%) en Noord-Europa (21%) was die voorkeurmarkte. Suurlemoene wat verpak en verskeep is, is minder as in 2008 – die Suurlemoen Fokusgroep het nog nie hul skatting aangepas nie. Tot op datum is 50% vir Midde-Ooste bestem, 19% na Verre Ooste en 10% na Rusland. Dit is nog baie vroeg in die nawelseisoen, maar die Wes Kaap het egter hul oes effens opwaarts aangepas.

| Tot Week 18 – Mijoen 15Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Finale Voorspelling | Finale Verskepings |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | 2007 | 2008 | 2009 | 2008 | 2009 | 2009 | 2009 | 2008 |
| Pomelos | 1.3 m | 2.3 m | 2.6 m | 0.8 m | 0.7 m | 15.1 m | 14.9 m | 12.4 m |
| Sagte Sitrus | 1.8 m | 1.9 m | 1.7 m | 1.4 m | 1.3 m | 7.4 m | 7.3 m | 6.5 m |
| Suurlemoene | 1.4 m | 2.6 m | 1.7 m | 1.6 m | 1 m | 9.4 m | 9.4 m | 8.8 m |
| Nawels | 0.2 m | 0.6 | 0.4 m | 0.1 m | 0.1 m | 21.6 m | 21.8 m | 21.2 m |
| Valencia | - | - | - | - | - | 43 m | 43 m | 40.4 m |
| | 4.7 m | 7.4 m | 6.4 m | 3.9 m | 3.1 m | 96.5 m | 96.4 m | 89.3 m |

**JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS**